

Maandag 27 Junie

Skrifgedeelte: Efesiërs 1:3-14

Fokusgedeelte: Efesiërs 1:4, 5 (AFR83 / AFR20)

God kies ons om sy kinders te wees, volhard daarom in jou roeping as sy kind

Paulus skryf aan die hawestad Efese en verduidelik vir hulle van die kerk wat dien as die liggaam van Christus, waarbinne elke gelowige 'n rol speel. Elke gelowige het 'n spesifieke doel om te vervul sodat die liggaam doeltreffend kan werk in die koninkryk van God. Om deel te wees van die doeltreffende rol wat gespeel word, ontvang elkeen gelowige 'n besondere taak – dit is aan ons gegee nog lank voordat ons gebore is, voor die grondlegging van die aarde. God het die uitverkorenes bestem om sy kinders te wees, Hy het ons gekies vir Homself.

Deurdát Hy ons gekies het, word ons belangrikste roeping bekend, ons is die kinders van God. As sy kinders verwag God van ons om heilig en onberispelik te lewe voor Hom, maar ons kan nie, en daarom het Hy ook Christus vir ons gestuur sodat Hy ons kan bevry van ons swakheid as mens, ons ongehoorsaamheid vergewe wat ons daaglik doen. Nog meer as dit, lei die Heilige Gees ons in ons stryd om te stry teen die versoekings van die vyand, in ons heiligmaking, om meer te word soos wat God van sy kinders verwag. Dit gebeur deur die leiding van die Heilige Gees in ons.

Kind van God: dit is ons eerste amp wat ons as gelowige beklee; voordat ons diaken, ouderling of predikant is, word ons eerste gekies as kind van God. Omdat ons kinders van God is, laat ons lewe in ons roeping as 'n kind wat gehoorsaam luister na die leiding van die Heilige Gees. Sodoende dra ons by in ons rol in die liggaam van Christus, waarvan Hy die hoof is. Deur ons voorbeeld in gehoorsaamheid bemoedig en versterk dit ook ander gelowiges om te volhard in hulle amp as kind van die Lewende God.

Sing: Psalm 119-2:1, 3, 27

Teologiese Student EA Venter (Erasmus)